

# Die boer en sy roer (na afsterwe)

Deur Rynoe Smith

'n Boer en sy roer is tradisioneel onafskeidbaar, behalwe natuurlik by afsterwe. In ons boere-omgewing is daar vuurwapens wat van geslag tot geslag oorgedra word, met die gevolg dat dit 'n hoogs sensitiewe en emosionele saak kan wees, veral waar so 'n vuurwapen al deur 'n paar generasies vererf is. In die verlede was die vererwing van 'n vuurwapen eenvoudig en in baie gevalle die maklikste manier om 'n vuurwapen te bekom.

Deesdae is dit nie so maklik om 'n vuurwapenlisensie te bekom nie. Die blote feit dat iemand 'n vuurwapen erf, beteken nie noodwendig dat daardie persoon vir 'n vuurwapenlisensie kwalifiseer nie.

## Motiverings en beperkings

Deesdae is 'n redelike sterk motivering nodig om te bewys dat hy/sy 'n geskikte en gepaste (*fit and proper*) persoon is om 'n vuurwapen te besit. Die *Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet 60 van 2000)* (die *Wet*) bepaal dat 'n persoon eers in besit van 'n bevoegdheidsertifikaat moet wees voordat 'n vuurwapenlisensie uitgereik mag word. Die regulasies gee 'n uiteensetting van die aansoekproses om 'n bevoegdheidsertifikaat (Regulasie 13), asook die faktore wat in ag geneem moet word (Regulasie 14).

Soos die meeste vuurwapeneienaars weet, plaas die *Wet* 'n beperking op die getal vuurwapens wat 'n persoon privaatsig mag besit. Vir doeleindes van selfverdediging (Artikel 13) mag 'n persoon net een vuurwapen besit. Indien 'n persoon wel 'n vuurwapen vir selfverdediging besit, mag hulle slegs drie vuurwapens vir sport en

sportjag besit. Andersins mag hulle vier vuurwapens vir hierdie doeleindes besit (Artikel 15).

Die beperkings hou direk verband met die redes vir eienaarskap – byvoorbeeld selfverdediging, jag, sportskiet of versameling. Hoofstuk 6 van die *Wet* lys die onderskeie beperkings. Daar is ook 'n beperking op die hoeveelheid ammunisie wat 'n persoon mag besit.

## Die eksekuteur, *Wet* en wapen

Deesdae moet 'n eksekuteur van 'n bestorwe boedel die werking en inhoud van die *Wet* verstaan, veral oor die veilige bewaring van 'n vuurwapen en die vreemding daarvan. Hierdie prosedures word deur Regulasies 86 en 103 daarvan bepaal.

Die eksekuteur moet volgens Regulasie 103(3) 'n inventaris van al die vuurwapens voltooi. Dié inventaris moet binne 14 dae na die eksekuteur se aanstelling saam met sekere ander voorgeskrewe inligting by die vuurwapenafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ingedien word om in die *Sentrale Vuurwapenregister* bygehou te word. Verder bepaal Regulasie 86(1) dat indien 'n vuurwapen nie in die lisensiehouer se direkte beheer is nie, dit in 'n kluis bewaar moet word.

Regulasie 103(1) bepaal dat 'n persoon wat in 'n oorledene se testament as eksekuteur benoem is en nog nie deur die Meester aangestel is nie, by die SAPD kan aansoek doen om 'n tydelike vuurwapenlisensie.

Sodra die eksekuteur formeel aangestel is, moet hy/sy toesien dat die wapen en ammunisie bewaar word in 'n fasiliteit soos bepaal deur Regulasie 86(1). Indien die eksekuteur nie oor die nodige fasiliteite beskik nie, mag hy/sy skriftelike toestemming gee dat die vuurwapen en ammunisie deur 'n erfgenaam in veilige bewaring gehou word, mits die erfgenaam oor 'n geldige lisensie beskik. 'n Afskrif van die skriftelike toestemming moet in die area waar die erfgenaam woon, by die SAPD op 'n lêer gehou word.

Die erfgenaam het vier opsies:

- Indien hy/sy nie die vuurwapen wil erf nie, kan dit oorhandig word aan 'n geregistreerde vuurwapenhandelaar om verkoop te word.
- Indien die erfgenaam nie die vuurwapen wil erf nie, kan dit oorhandig word aan die SAPD om vernietig te word.
- Indien hy/sy die vuurwapen wil erf maar nie wil gebruik nie, kan dit oorhandig word aan 'n geregistreerde wapensmid om gedeaktiveer te word.
- Indien hy/sy die vuurwapen wil behou en gebruik, moet die erfgenaam kragtens die *Wet* om 'n nuwe lisensie aansoek doen.

Hou in gedagte dat een van die vereistes vir 'n nuwe vuurwapenaansoek is dat die aansoeker (erfgenaam) 21 jaar oud moet wees. Indien jou erfgenaam minderjarig is, is daar geen ander oplossing as om die vuurwapen vir 'n bevoegde meerderjarige voog te gee met die hoop dat die voog dit later by die erfgenaam se mondigwording aan hom/haar sal gee nie. 'n Trustee gaan nie die oplossing wees nie.

Die *Wet* bepaal ook dat 'n spesifieke prosedure gevolg moet word indien 'n vuurwapen nie opgespoor kan word nie. **VP**

Die inligting in hierdie artikel is nie finansiële, belasting-, regs- of beleggingsadvies nie en die maatskappye in die PSG Konsult Groep waarborg nie die geskiktheid of potensieële waarde daarvan nie. Aangesien individuele behoeftes en risiko-profiel verskil, stel ons voor dat jy 'n gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg indien nodig. PSG Wealth Financial Planning (Edms) Bpk is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer.

Vir meer inligting kontak:  
Rynoe Smith, CFP® en FPSA®  
(PSG Wealth Preller Walk) by  
rynoe.smith@psg.co.za  
of 082 453 3320.